



**VOORBIDDING:**

**Wêreld:** Sïprus, Griekeland en Turkye. Oplossing vir konflikte [Palestynse-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

**RSA & Dorp:** Gesondheids- en maatskaplike dienste - hospitale en klinieke, medici, verpleërs en paramedici. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanlikes en -geaffekteerdes. Brandbestryding.

Reën wat ons so nodig het.

**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, tienerkerk en groepe.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Liesl Smit (Buitekring) en Tallies Taljaard (Lovell).

**BREADTAGS**  
for wheelchairs

As deel van 'n nuwe projek van die Barmhartigheidsaksie gaan ons gemeente ook by "Breadtags for Wheelchairs" betrokke raak. Kyk uit vir die boks langs die herwinningssakke en houtkiste in die vierkant waar jy die broodsakkies se plastieknypers kan ingooi. Wanneer genoeg plastieknypers ingesamel is, kan 'n rolstoel geskenk word aan 'n behoeftige persoon.

**Kategese en Jesus se EK IS-uitsprake**

Die junior en senior kategese gaan ook tydens die eerste kwartaal fokus op die EK IS-uitsprake van Jesus. Ons volg dieselfde program as wat in die eredienste sal plaasvind. Gesinne word ook aangemoedig om die gesinsgedeelte in die boekies saam te behandel. Verdere materiaal is beskikbaar in die weeklikse huisgeloofstuk wat ook hierby sal aansluit. Junior kategese gr 1-7 vind tydens die erediens plaas. Kinders kom eers na die erediens waarna hulle verskoon word om na die saal en die gr7's na hulle klas toe te gaan. Gr 8-12 Tienerbediening is in die aand om 18:00 by die kerkzaal. Daar is 'n tiener-erediens waarna verdeel word in graadgroepe.

**GROENgedagte #50 Waterfeite:** Sodat 70% van 'n mens se liggaamsmassa bestaan uit water – maar jy gaan nie maerder word as jy ophou water drink nie!

So 80% van jou brein bestaan uit water – dieselfde persentasie water as wat sommige bome bevat. Die watersiklus is 'n geslote sisteem. Dit beteken dat die enigste water wat ons ooit gaan hê, dit is wat ons nou het. In 'n 100 jaar-tydperk is 'n watermolekule ongeveer 98 jaar lank in die see, vir so 20 maande is dit ys, 2 weke in riviere en mere en minder as 'n week in die atmosfeer. Ons almal besef water is skaars en baie belangrik vir enige lewe. Kom ons help almal om water te bespaar.



**WELWEEK**

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou  
Om so sy groot opdrag uit te leef.



**Sondag 22 Januarie 2017**

**Tema** "Dit is waar die lig inkom."

**Teks** Jesaja 9: 1-4

**Prediker** Julie Claassens

**09:30** Erediens en doopgeleentheid

**09:30** Junior Kategese en kleuterkerk

**18:00** Tienerbediening in die kerkzaal. Die reeks, "What's in a name?", skop af. (Leon)

Derde Sondag ná Epifanie.

Jartema:  
Dissipels is begenadig en genadig.

**Baie welkom!**

Baie welkom aan **Mia van Onselen** wat vandag gedoop word. Welkom aan haar ouers, Leonardo en Marisa, asook die grootouers, familie en vriende wat hierdie spesiale geleentheid deel.

Baie welkom aan **Hennie Möller** wat vandag in sy amp as ouderling van Wyk A bevestig word. Seën en sterkte vir jou termyn as ouderling.

**Dit is waar die lig inkom.**



**Jesus se EK IS-uitsprake**

Maak seker jou boekie het al 7 hoofstukke. Kom ruil om by die kerkkantoor indien jou boekie foutief is.

**Is jy nuut hier by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet ook 'n lekker koppie tee in die vierkant en neem boeke uit by die biblioteek.**

**Sonderbriekers**

Teken aan: **Woensdag 8 Februarie 12:00** by **Dornier**. Bespreek jou plek aan die tafel by die kerkkantoor en betaal jou **R100 voor 2 Februarie**. Maak jou gereed vir 'n heerlike somers-noenmaal. Laat die wind deur jul hare waai. Die lewe is 'n lied!

**AANWYSINGS:** Ry 4 km op die Blaauwklippenpad vanaf die hoek van die Engen garage. Draai links op die Waterfordpad - jy sal die Dornier-bord sien. Ons kry mekaar 11:45 by die hek by Dornier.

**PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 23/1 tot Sondag 29/1**

Wo 25/1	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00 <b>MARKDAG</b>	<b>Geloofsgroei-byeenkoms</b> in die konsistorie. Almal welkom. <b>Teetuin.</b> Kom drink of eet iets lekker hier by ons eie restaurant. Groepbesprekings ook welkom sowel as wegneemete-bestellings. Kontakpersone: Jeanetta Strydom by 021 887 1954 / 082 416 2792 of Bettie du Plessis by 021 887 1515.
So 29/1	09:30 09:30 18:00	<b>Erediens en Nagmaal:</b> Monty Sahd (Jesus se EK IS-uitsprake (1) Junior Kategese en kleuterkerk Tienerbediening

**Die deurkollekte vandag gaan aan Badisa:** BADISA beteken BArmhartigheid (NGK se omgee uitreik) en Dlakonale dienste (VGK se omgee uitreik) wat SAam funksioneer. Hierdie gesamentlike aksies van ons kerke bied maatskaplike dienste en versorging vir alle soorte mense met ongeveer alle soorte behoeftes. Dit is tot ons elkeen se beskikking. BADISA organiseer die barmhartigheidsbediening van die NG Kerk in die Wes-Kaap en die VGK (Kaapland). BADISA fokus op aanneming en swangerskapberading; bekamping van middelafhanklikheid; bemagtiging van vroue; dienste aan ouer persone; gestremdesorg; jeugontwikkeling; kinder- en jeugsorgsentrusms; kinderbeskermingsdienste; voorskoolse kinderontwikkeling en nasorg; werkskepping en armoedeverligting.



**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**  
Telefoon: 021 886 5975  
Kantoorure: 08:00 tot 13:00

**Bankbesonderhede**  
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)  
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdekse (in die vierkant, links van die hek) geplaas word.

Die deurkollekte verlede week aan ABBA was R2 901.

**BAIE DANKIE!!**

**Volgende week se deurkollekte gaan aan Drakenstein Gevangenisuitreik.**

**PASTORALE VERSORING**

Lidmate wat 'n leraar nodig het, skakel enige leraar of die kerkkantoor by 021 886 5975 of Monty Sahd by 021 887 1616 / 083 449 246 (spesifiek vir huisbesoek). Die spreekkamer van Theunis Botha voorsien gespesialiseerde pastorale hulp. Skakel 082 896 2089.

**Marktafel woeker voort!** Kom kyk Woensdae watter vars produkte ons verkoop. Die res van die week is beskuit, koekies, konfynt en eiers steeds beskikbaar en as jy gelukkig



is, ook nog vars produkte!

**JOU KANS OM BETROKKE TE RAAK BY VERSKEIE DIENSGELEENTHEDE**

**Koskenkings**

Die kerkkombuis benodig voedsel-skenkings vir die kook van kos op 'n Maandag vir Stellenbosch Nagskui-ling: Kontak Ria Janse van Rensburg by 021 887 5975 indien jy enige sken-king kan maak. Hulle benodig veral vleis. Baie dankie aan almal wat help en hierdie projek ondersteun.

**Kategese 2017**

**Junior kategese leiers benodig vir gr 1, 2 en 4! Kom meld asb sommer vanoggend aan.**

**Naaldwerk**

Ons is op soek na mense wat reeds gesnyde materiaal in eenvoudige babasakke sal omskep. Ons het 'n groot hoeveelheid uitgesnyde sakke in die kerkkantoor, asook instruksies. Die *Bless a Baby*-projek voorsien sakke (wat deur 'n ander gemeente gevul word met babaprodukte), aan behoeftige nuwe ma's wat ontslaan word uit hospitale in ons omgewing. Ons gemeente help sakke maak wat uitgedeel word by die Paarl Hospitaal se neo-natale eenheid.

**Skenkings vir Voedingsaksie**

Lidmate word gevra om asb gevriesde sop, groente en droë bestanddele asook brode en smere weeksoggende of Sondae na kerk te bring. Voedingsaksie voorsien voedsel aan talle behoeftiges in ons gebied by verskeie voedingspunte en die nood is steeds groeiend.

**GEOLOFSGROEI**

Woensdae 09:00 & 19:00. Almal is welkom – jy val in en uit soos dit jou pas. Die tema vir hierdie kwartaal is: "Herontdekking van die Evangelie – Reformasie 500". Ons vier hierdie jaar die 500-jarige herdenking van die Reformasie met 31 Oktober 1517 as die historiese datum. Dit was inderdaad 'n herontdekking van die eenvoud van die Evangelie. Die wonderlikheid van die Evangelie is egter deur alle "partye" beklad deur veroordeling, verkettering en verbranding van anderdenkendes – iets wat telkens gebeur wanneer mense hulle geloofsbelydenis fanaties glo, in plaas daarvan om hulle geloof aarselend te bely. Ons kyk met dankbaarheid na hierdie herontdekking van die Evangelie, en hoe ons fanatieke houdings kan vermy. Aanbieder: Leon Fouché



**Baie dankie vir skenkings**

Baie dankie aan almal wat reeds bydraes gemaak het om ons algemene assistent, Mbulelo Kadji, weer op die been te help ná hy sy huis in 'n brand net voor Kersfees verloor het. Hy het ook sy fiets in dié brand verloor.

**As enige iemand hom kan help om weer 'n fiets te kan aanskaf, kontak asb die kerkkantoor daarvoor. Verder benodig hy ook 'n yskas en kombuiskas. Baie dankie vir almal se hulp!**

**Fokustekste: (Aanvullende tekste om te lees wat aansluit by vandag se preek)**

- \* Psalm 27: 1, 4-9
- \* 1 Korintiërs 1: 10-18
- \* Matteus 4: 12-23

HUISGEOLOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by [www.stelwel.co.za](http://www.stelwel.co.za) of kry 'n kopie by die deur.